

# Artikel 1 vir lidmate oor die 2020-vertaling

## Inleidend

Dr AH Bogaards

Oktober 2020

### 1. Daar is baie mooi vertalings in die 2020-vertaling

Ek wil begin deur te sê dat daar baie mooi vertalings in die 2020-Bybel is.

Daar is vertalers wat werklik hard en opreg probeer het om iets moois daar te stel.

### 2. Daar is ongelukkig baie ernstige verkeerde vertalings

Ongelukkig is daar vertalings wat nie alleen swak is nie, maar wat ons Here Jesus Christus oneer aandoen. Daar is selfs vertalings, wat dwaalleer bevat.

Hierdie laastes bederf die hele vertaling. Totius het die beeld van 'n bord gesonde kos gebruik. As jy weet dat daar 'n stuk gif in is, sal jy dit nie aan jou kinders voorsit nie, al is die hele res van die bord ook hoe voedsaam.

Daaroor mag ek ook nie stilbly nie.

### 3. Die groot beginsels by vertaling en verklaring

In die Heidelbergse Kategismus, Sondag 3, vraag en antwoord 8 bely ons: Ons is so verdorwe deur die sondeval, dat ons onbekwaam is tot enige goed en geneig tot alle kwaad. Dit geld ook van ons vertaalwerk: ons is onbekwaam ook tot die goeie van vertaalwerk en geneig tot alle kwaad.

Dit beteken: Ons kan nie self vertaal nie. Ons moet na ons Here Jesus Christus toe gaan. Hy moet ons help.

Dit doen ons as ons in ons vertaling en verklaring van die Bybel na ons Here Jesus Christus Self gaan. Hy is die Skrywer van nie alleen die Nuwe Testament nie, maar ook die Oue. In beide die Ou en Nuwe Testament sit ons in die klaskamer van ons Here Jesus Christus.

Die Bybel is sy eie Verklaarder. Ons moet Skrif met Skrif vergelyk. So hoor ons die stem van ons Here Jesus Christus. So alleen kom ons by die regte vertaling.

**In die lig van hierdie beginsels wil ek die 2020-vertaling in die volgende artikels beoordeel. Dit is belangrik dat u onthou dat dit my riglyne is.**

#### 4. My standpunt oor Psalm 110 en Maleagi 3:1 al baie lankal en deeglik bekendgemaak

Reeds met die GKSA se Sinode 2003 het ek in 'n beswaarskrif oor Psalm 110 my standpunt oor Psalm 110 by breedvoerig bekendgemaak.

In 'n artikel in Die Kerkblad het ek ook 'n baie duidelike artikel oor Psalm 110 geskryf, waarin ek benadruk het dat Psalm 110 net oor Christus gaan.

In 2015 het ek 'n boek oor Psalm 110 geskryf, waarin ook Maleagi 3:1 ter sprake kom. Die boek is op my blog beskikbaar in PDF.

Ek het ook tweemaal my standpunt oor Psalm 110 en Maleagi 3:1 aan die Vertalers deurgestuur. Ek het nooit antwoord daarop gekry nie.